Berg-en-Dal

# KERSSANGDIENS

## Sondag, 23 November 2025



*"Die engel het na haar gegaan en gesê:*
*'Gegroet, begenadigde vrou! Die Here is met jou!' ...*
*Toe sê Maria:*
*'Kyk, ek is die diensmeisie van die Here. Mag met my gebeur volgens u woord.'"*
**(Lukas 1:28 en 38)**

**Ons verwelkom jul almal – oud en jonk, vriend en vreemdeling – by ons Kerssangdiens!**
Die diens volg die liturgie soos hierna uiteengesit – geen aankondigings dus.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke, sou jul een benodig – soek solank ook die Skrifgedeeltes en liedere vir vanoggend se diens daarin op.

MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT U SELFOON STIL GESTEL IS.

**Orrel- en Strykers Voorspel:** "Kerksonate" in F maj KV 244 (WA Mozart)

**Klokgelui**

**Orrel- en Strykers Voorspel:** "Kerksonate" in Bmol maj KV 68 (WA Mozart)

**Verwelkoming en liturgiese reëlings**

## EERSTE ADVENTKERS: ONS AANBID EN SING BLY

**Gebedslied:** "Die regte tyd het aangebreek" (Lied 341:1, 2, 3 en 4)

**Voorlesing:** "Maria" (WEG Louw)

Deur daardie tuintjie het sy stil gegaan
haar hande need'rig oor haar bors gevou,
toe hy, verblindend soos die son, daar staan:
drie wit lelies het hy in sy hand gehou.

Half-skaam, verleë, het sy opgekyk
en is opeens met groot vrees bevang:
sy oë het van haar nie afgewyk,
sy vleuels het oor heel die tuin gehang.

"Geseën is jy onder die vroue" – sy woorde –
of was dit winde? – verruis nog in haar oor,
toe hy teen die son in goue vlug verdwyn...

Sy het haar neergebuig en half-versmoorde
klein snikkies in haar hart gehoor,
van verlossing reeds die vreugde en die pyn.

**Soliste:** "Laudate Dominum" (uit: Vesperae Sollennes, WA Mozart)
(vertaling: "Sing, loof en prys die Heer" – Psalm 117)

**Votumgebed:**

<u>Liturg</u>: "Dogter van Sion,
jubel van vreugde, roep dit uit Israel!
Verbly en verheug jou met jou hele hart, Jerusalem!"

<u>Gemeente</u>: "Moenie bang wees nie, Sion;
moenie dat jou moed jou begewe nie."

Liturg: "Die Here jou God is in jou midde,
'n held wat jou verlos;
Hy verheug Hom in blydskap oor jou,
Hy is stil-tevrede in sy liefde,
Hy sal oor jou juig met jubelkrete!"

Gemeente: "Moenie bang wees nie, Sion;
moenie dat jou moed jou begewe nie." (Sefanja 3:14-17)

**Seëngroet** – Liturg: "Gegroet, begenadigdes – die Here is met julle!"
Gemeente: "En met jou!
Amen!"

**Lofprysing:** "Kom, alle getroues!" (Lied 345:1, 2 en 4 - staande)
(Refrein in beurtsang: 1e "Ons buig daar in aanbidding..." – vroue;
2e refreinreël – mans; 3e "ons buig daar in aanbidding..." – almal)

## TWEEDE ADVENTKERS: ONS LUISTER EN OORDINK

**Eerste Skriflesing:** Lukas 1:26-38

**Gebedslied:** "Ere aan God, ere aan God" (Lied 369 – in Afrikaans en Latyn)

**Kinderverhaal**

**Gebedslied:** "O Jesus, ons Heer, U het ons verbly" (Lied 342:1, 2 en 3)

**Oordenking**

**Hoor die Roep...** **"Christ has no body now but yours"** (Porter's Gate Project)
(New York, 2017 – solis: Josh Garrels)

**Ruil van Kanselkleed**

**Soliste:** "Laudamus Te" (Vir twee soprane – uit die Gloria; A Vivaldi)
(vertaling: "Ons loof U, ons prys U, ons aanbid U")

## DERDE ADVENTKERS: ONS ONTHOU EN DANK

**Tweede Skriflesing:** Lukas 2:1-7

**Aanbiddingslied:** "In die stad van koning Dawid" (Lied 350:1 en 2)

**Kinders bring geskenke (en ons almal) vir Tswellang en Siësta...**
(terwyl die kinders hul geskenkies vorentoe bring, sing ons weer Lied 369)

**Gebedslied:** "Ere aan God, ere aan God" (Lied 369 – in Afrikaans en Latyn)

**Aanbiddingslied:** "Heilige nag, die velde lê in stilte" (VONKK 385 - staande)

Heilige nag, die velde lê in stilte
soos wat die herders hul skape versorg.
Eeue reeds wag die wêreld op die oomblik
dat God's belofte gestalte sou kry:
'n Hoop wat leef in moeë menseharte,
die eerste lig wat deur die donker breek.
Kyk wat gebeur! En hoor die engelstemme:
"Hosanna! Hosanna!"
Sy vrede breek nou deur.
"Hosanna! Hosanna!" die Heer daal tot ons neer.

Herders vertrek - die hoop leef in hul harte -
na Betlehem om die kindjie te sien.
Toe hul Hom kry, in doeke by Maria,
het hul gekniel voor die klein-Koningskind.
Die Koning van die hele wye wêreld
het hul gevind in Betlehem se stal.
Hy is die Heer, Gestuurde uit die hemel!
"Hosanna! Hosanna!"
Sy vrede breek nou deur.
"Hosanna! Hosanna!" die Heer daal tot ons neer.

Jesus, ons Heer, U leer ons leef met deernis -
u wet is liefde en vrede u wil.
U breek die juk, die kettings van die sonde
het ons as mense vir eeue gebind.
'n Lied van vryheid klink oor heel die aarde.
Ons prys sy Naam, besing die Heer se mag:
Jesus is Heer!
Kom prys sy Naam, o mensdom!
"Hosanna! Hosanna!"
Sy vrede breek nou deur.
"Hosanna! Hosanna!" die Heer daal tot ons neer.

**Dankoffer**
(terwyl ons liefdesgawes ingesamel word, luister ons na die Orrel en tjello met die "Arioso" van JS Bach)

**Uitnodiging en uitsending...**

## VIERDE ADVENTKERS: ONS WORD STIL, BID EN GAAN VERTEL

**Voorlesing:** "Maria" (Elizabeth Eybers)

'n Engel het dit self gebring,
die vreugde-boodskap – en jy het
'n lofsang tot Gods eer gesing,
Maria, nooi uit Nasaret.

Maar toe Josef van jou wou skei
en bure-agterdog jou pla,
het jy kon dink dat eenmaal sou hý
die hele wêreldskande dra?

Toe jy soms met 'n glimlag langs
jou liggaam stryk... die stilte instaar...
wis jy met hoeveel liefde en angs
sou hý sy hellevaart aanvaar?

En toe hy in jou arms lê,
sy mondjie teen jou volle bors,
het jy geweet dat hy sou sê,
toe dit te laat was: Ek het dors!

Toe dit verby was en jy met
sy vriend Johannes huis toe gaan -
Maria, vrou van smarte, het
jy toé die boodskap goed verstaan?

**Aanbiddingslied:** "Stille nag, heilige nag!" (Lied 348:1, 2 en 3)

**Wydingsgebed:**

<u>Liturg</u>: Here God,
**By die ingaan van hierdie Advent, <u>wag</u> ons op U.**

|  |  |
|---|---|
|  | Soos by 'n ingang na dié plek waar U ons ontmoet;<br>soos in die tyd tussen die alreeds en die nog nie van u koms;<br>soos u kinders verlang en steeds sug –<br>saam met u Skepping, saam met u Gees –<br>só wag ons en bid: |
| Gemeente: | Hoor ons gebed, in Christus Naam. |
| Liturg: | Here God,<br>**By die ingaan van hierdie Advent, bely ons dat ons in U glo.**<br>U is steeds hier, ons Vader, Verlosser, Vertrooster. |
| Gemeente: | U is dié Een wat gesê het dat daar lig sál wees;<br>dié Een wat die Lig vir die wêreld ís;<br>dié Een wat beloof het die duisternis sál wyk;<br>dié Een wat 'n lig op ons pad kom gee;<br>dié Een wat ons stuur om lig te gaan wéés, en sout.<br>Help ons Here, om te blý glo, *in Christus Naam*. |
| Liturg: | Here God,<br>**By die ingaan van hierdie Advent, open U ons oë,**<br>**om waarlik te sien:**<br>U is steeds hier, ons Vader, Verlosser, Vertrooster. |
| Gemeente: | Hulle wat seer het en swaar kry;<br>hulle wat klein is, eenkant, oud of vergete;<br>hulle wat honger is, dors, siek of verdruk;<br>hulle wat geen uitkoms meer sien, geen werk, geen salf vir wonde;<br>hulle wat verlore is, hulle wat smag na vrede –<br>laat óns dan nie wegkyk van enigeen oor wie U besorgd is;<br>laat ons sien, Here, *in Christus Naam*. |
| Liturg: | Here God,<br>**By die ingaan van hierdie Advent,**<br>**stuur U ons om te doen wat nodig is.**<br>Ons is onherroeplik verbind aan mekaar; |
| Gemeente: | ons treur saam met dié wat treur,<br>dank saam met dié wat dank,<br>ons is bly saam met dié wat bly is. |
| Liturg: | Ons is onherroeplik verbind aan dié Afrikaland; |
| Gemeente: | ons kies om hoop te dra, om te help waar ons kan,<br>om liefde te leef, om vrede te maak,<br>om eerlik te werk, om onreg te stop,<br>om nie aan geweld mee te doen,<br>om te praat vir stemloses,<br>te bid met dié wat nie meer kan. |

| | |
|---|---|
| Liturg: | Nie in óns naam nie, Here;<br>en nooit in die naam van óns idees of ander magte nie – |
| Gemeente: | Alleen in dié Naam bo alle name: Jesus, die Redder;<br>ja, in Christus Naam.<br>'Ons is tot U beskikking, Heer'.<br>Laat ons sien, glo en doen. Amen. |

**Oomblik van stilte...**

**Slotlied:** "O die goeie tyding, o die blye tyding" (Lied 344:1, 2 en 3 – staande)

**Seënbede**

**Amen**

**Orrelnaspel**

Ons opregte dank aan almal wat op een of ander manier tot vanoggend se vreugdevolle erediens bygedra het – van die musiek tot die blomme, die programmetjie en verversings.

'n Spesiale woord van dank aan Johan Cromhout (orrel), soliste Matildie Wium en Rethabile Mothobi, en strykers Elspeth Neary en Francois Cilliers (viole) en Anmari van der Westhuizen (tjello).

Dankie aan al die kinders, en lidmate, wat iets gebring het om die Kersfees vir kinders van Tswellang of verswakte inwoners by Siësta mooi te maak.

Ons nooi almal nou uit om nou ná die erediens, verder saam te kom kuier en vier!

*“Advent is the four-Sunday period before Christmas Day.*

*It marks the start of a new Christian year and is traditionally used by the Western Church worldwide to reflect on the coming of Christ. Advent – ‘to reach for’, ‘to come’ – has to do with waiting and hopeful expectation.*
*Advent is the time Christians look forward: to celebrating the birth of Christ and also, ultimately, to the return of Christ.*

*Waiting through Advent is far from passive. It is also far more than the frenetic activity of preparing presents and food for Christmas Day.*
*Our waiting is a discipline. An active preparation of our hearts and desires to celebrate the coming of God among people on earth. God moving into our neighbourhood in the person of Jesus.*

*Through Advent we discipline ourselves to take time to remember the incredible story of God coming to earth as a human, and reflect on our own response to that event. Advent keeps Christmas on Christmas Day and holds back the efforts of our culture to have Christmas rolled out weeks early.*

*We need Advent to keep us from having Christmas too soon.”*

Mark Pierson